# KOORFEES BY KRAAIFONTEIN VGK OP 27 AUGUSTUS

'Op 27 Augustus het die jaarlikse koorsaamtrek by VGK Kraaifontein plaasgevind. Ons almal het aanvanklik by die verkeerde kerk aangekom, maar danksy die hulp van 'n vriendelike lid van daardie gemeente het ons gou ons rigting gekry!

Ons koor het As Hy Weer Kom en Halleluja, Loof God uitgevoer. Danksy harde werk in die voorafgaande weke en Stephan se knap leiding het dit op die ou end baie goed gegaan!

Ander kore wat deelgeneem het was NG Moedergemeente Swartland, NG Moedergemeente Kuilsrivier en NG Gemeente Kuilsrivier Die Eike, VGK Durbanville, en ons gashere en gasvroue VGK Kraaifontein.

Soos altyd is ons baie vriendelik ontvang en was die aand vol vreugde. Die VGK Kraaifontein se gospelgroep het dinge sommer lewendig gehou, glimlagte op ons gesigte gesit, en die samesang was lekker. Ons het 'n paar van die gereelde deelnemers gemis, maar hopelik neem hulle volgende jaar weer deel.

Die aand is afgesluit met die massakoor wat Prys en Aanbid verwerk deur HC Rinck gesing het en daana het almal teenwoordig Bly By My Heer gesing.

Ons is dankbaar vir VGK Kraaifontein wat ons ontvang het! En dankie vir almal wat kom luister het en Bart wat op kort kennisgewing die kamera moes hanteer!

Ons neem op 22 Oktober om 3nm aan 'n saamtrek by NGK Panorama deel, onder andere met hulle koor, die Tygerberg Mannekoor, Con Spirito Filharmonies se koor, en 'n sangroep al die pad vanaf Porterville! Kom luister gerus. Daar sal 'n kollekte ten bate van kinderhuise in Thornton en Monte Vista wees. '

Durbanville Gemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

# GEMEENTEBULLETIN


**KERKKANTOOR**
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente


**BANKBESONDERHEDE**
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.Verw: *bv. RVos / MDO*

# HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

| TYD | WAAR | VANDAG 17 SEPTEMBER | VOLGENDE WEEK 24 SEPTEMBER |
|---|---|---|---|
| | | *Teks: Psalm 8* | *Teks: Joh: 9-17* |
| **09:00** | **Kerk: Klassieke diens** | Ds. Jana Dickason Nagmaal | *Tema: Vriendskap vorm die opstandingslewe is ons.* |
| | **Sentrum: Familiediens** | Ds. André van Wyk Nagmaal | **Kerk: Klassieke diens 09:00** |
| **09:30** | **Jeuggroepe** | Voorskool – Gr. 3 | |
| **10:00** | **Jeuggroepe** | Gr. 4 – 11 | Ds. André Agenbag |
| **18:00** | **#theRock (Tieners)** | Ds. Jana Dickason | |

# BID VIR EKOLOGIE

Johannes Calvyn – juis ook in sy Institusie- sou herhaaldelik die beeld van die Woord van God as ‘n bril gebruik. As ons die bril opsit, sê hy, dan word die hele wêreld ‘n ander plek, vol ander kleure en vol ander kontoere. Skielik word die hele skepping dan die teater van God se glorie, leer hy ons graag, van God se heerlikheid, roem en eer. Met die bril leer sien ons in die skepping – wat andersins dalk sommer net daar is vir ons, vanselfsprekend en niksseggend – God se goedheid raak, sy grootsheid en genade, sy liefde en sy krag, sy troue sorg en sy genadige nabyheid. Dan word ons dankbare mense, vol vreugde en vol verrukking, omdat ons Gods glorie leer raaksien en in die kleinste brokkie van die skepping en die mees onbeduidende insidente deur ons dae – Dirkie Smit

## BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG

Marie van Breda, Andrew en Karin Kok, Johann van Tonder,
Koos en Valerie van Heerden en Karin en Edward Smuts.

## VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by 021 975 6370 X103 of epos na: admin@durbanvillegemeente.co.za sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek. **Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:**

- Rika Nel
- Lawrence de Jongh

## KOFFIEKROEG GR. 4-6

Baie dankie vir almal se ondersteuning en hulp op hierdie aand! Dit was 'n groot sukses! Moenie die volgende koffiekroeg mis nie!

## THE ROCK BRAAI! GR. 6'E WELKOM!

Ons nooi alle Gr. 6 – 12 tieners om saam te kom braai by ons afsluiting. Die kwartaal was heerlik en ons sluit af met 'n "bang"! Moet dit nie mis nie. Vanaand 18:00 in die kerksaal.
Pulse kamp Gr. 7-12 tieners
Ons kamp saam op Kleinmond 13 – 15 Oktober. Inskrywings vorms is beskikbaar op die webwerf. Kontak ds. Jana by 0826141728 en jana@durbanvillegemeente.co.za of Etienne by 0724602640 en jeug@durbanvillegemeente.co.za

## KERSSPEL

Ons beplan 'n kersspel op 3 Desember! Ons sien baie uit en wil almal nooi om betrokke te raak. As jy wil deel wees van hierdie aand kontak ds. Jana Dickason of Etienne Snyman.

## UITREIK – VANDAG

Alle jeuggroepe word genooi om na die diens na Huis Aristea te stap. Ons gaan saam met ons wyse seniors kuier. Die voorskool – Gr. 3 kinders maak ook kaartjies wat ons gaan uitdeel.

## SPESIALE OFFERGAWE VANDAG – ALTA DU TOIT NASORG (BELLVILLE)

Die **Alta du Toit Nasorgsentrum (AdTN) in Bellville** maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Hulle vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele opleidings- en ontwikkelingsprogramme.

## OMGEEDIENS

Baie dankie vir opvoedkundige boeke, truie, nie bederfbare kos en groente wat ontvang is. Dit is aan crèches en behoeftige gesinne versprei.
Enige nie bederfbare voedsel is steeds welkom asb.

'n Tienerdogter het ook as deel van haar Lewensoriëntering taak, met hulp van haar pa, 'n doelmatige rak by 'n behoeftige crèche in Fisantekraal aangebring. Die 24 kinders is ook getrakteer met 'n bederfie. Verhoudinge is gebou, vir toekomstige besoeke en betrokkenheid by nood.

Ons benodig asb. dringend 'n oefenfiets om te leen aan 'n man vir herstel van sy enkel. Kontak asb. vir Esther by die kerkkantoor as 'n kan help.

## BADISA KRAAIFONTEIN BEHOEFTE

'n Tienerdogter benodig dringend intensiewe sielkundige terapie. In die proses van **ophelp,** is dit ook nodig dat sy deel word van 'n veilige omgewing soos Nasorg waar sy haar huiswerk kan doen. Enige finansiële hulp hiermee sal baie help asb.
Kontak asb. vir Chantell Venter, Maatskaplike werker by Telnr: 021 987 2940; e-pos adres: cventer@badisatrio.org.za

## DANKIE!

Shiloh community in action

Ons spog net met wat die klompie in n kort tydjie al vermag het met die naaldwerk by ons Shiloh Wallacedene Khanya Kids skooltjie..van ons onderwyseresse kom nou ook op Saterdae vir klasse!

Baie dankie aan almal wat materiaal en gare ens geskenk het.